Oordenking
18 November 2009

Hoekom probeer om 'n goeie mens te wees as jy uit genade gered word?
As ons uit genade, deur geloof gered word, op grond van die volmaakte offer van die Lam van God - is daar nog enge rede om daarna te streef om volkome binne God se wil te leef - veral as jy weet dat jy nie volmaaktheid op aarde kan bereik nie?

Kom ek gee jou 5 baie goeie redes waarom ons moet strewe na die wil van die Here vir ons lewe.

1. Ons onderwerp ons aan Jesus *want Hy is die hoogste Koning* wat die wêreld regeer. (Ef 1:22-23). Hy beheer alles. Ons toekoms word nie deur mense nie, maar deur Hom bepaal. Daar is geen groter dwaasheid as om sy wil te ignoreer nie. Daar is geen groter wysheid as sy wil nie!

2. *Jesus sal eendag oor almal oordeel*. (Hand 17:31). God sal elkeen aanspreeklik hou vir alles wat hulle gedoen het. (1Kor 4:5). Dit sal gebeur op grond van sy heilige geregtigheid. Selfs wanneer ons erge onregverdigheid en korrupsie sien en ervaar, weet ons dat God van elkeen rekenskap sal eis van wat hy of sy gedoen het. Ons vertrou dus vir regverdigheid op God se volmaakte wil en oordeel wat eers op die laaste dag ten volle openbaar word. (Rom 1:5-6; 12:19). Ons soek gehoorsaamheid aan God se Woord in ons lewens want niks anders maak sin nie en niks anders kan ten volle vertrou word nie.

3. *Ons wil aan God gehoorsaam wees, omdat Hy ons liefhet*. (Joh 3:16). Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het en vir ons sondes gesterf het sodat ons vergifnis en versoening met God kan ontvang. Sulke liefde maak dit vir ons onmoontlik om nie vir Hom ook te wil liefhê en gelukkig maak nie.

4. *Ons is geroep om ons identiteit as God se mense uit te leef*. Ons het 'n mandaat en roeping om sy geregtigheid, waarheid en integriteit met ons hele lewe te proklameer. (1Pet 2:9). Ons is geroep om as die sout van die aarde en die lg van die wêreld 'n verskil in ons gemeenskappe te maak en so die omgewing waar ons leef en werk te verander. Ons moet lewende voorbeelde wees van God se Koninkryk wat aan die kom is en ons moet getuies wees van die heerlikheid daarvan deur die manier wat ons lewe.

5. *Ons weet God weet beter*. Ons wil sy wysheid uitleef en sy lewe ervaar, want dit bring ware blydskap en geluk in ons lewens en die van die mense naaste aan ons. Daar bestaan geen groter vreugde nie as om God lief te hê, te dien en te aanbid nie en daar is nie beter lewenskwaliteit nie as om ons dankbaarheid vir sy genade uit te leef. Ons wil herstel word tot die mens wat God wil hê ons moet wees, want werklike geluk lê daarin om sy doel met ons lewe na te jaag. (1Pet 1:11-12).

God se vergifnis en ontferming gee ons sekerheid en hoop as mense wat in 'n sterwende, treurende, verlore wêreld leef. Ons is daaraan toegewy om die hemelse lig op hierdie donker wêreld te laat skyn en die ewige lewe uit te leef tussen mense op pad na 'n ewige dood sonder God. Ons leef volgens die wil van die Here, so ver ons enigsins kan, in opgewonde afwagting van die volmaakte heerlikheid wat eers bekend sal wees as Jesus weer kom. (Tit 2:13).